



## Lente is hier!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God. (Prediker 3: 13)***

Dis heerlike lente, die winter's verby;  
weer nooi berg' en klowe vir jou en vir my.  
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o.  
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o!

Die bergklim is heerlik, dit hou mens gesond.  
Die vroe-, vroeë môre het goud in die mond.  
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o.  
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o!  
(Theo W Jandrell en GG Cillié)

Dis lente en ons wil sommer sing. Oral sien 'n mens tekens van die nuwe seisoen. Verbrande velde, 'n bekende gesig vir ons wat op die Oos-Rand bly, toon tekens van nuwe lewe. Die groen grassies loop uit. Lentebloeisels verfraai die vaal rondom ons.

Die nuwe lewe van 'n nuwe seisoen is nie net sigbaar in die natuur nie, 'n mens voel dit ook aan jou eie lyf. Dis asof die lente jou sommer weer kans laat sien vir hierdie lewe en al sy uitdagings. Die moeilikheid en probleme wat ons in die winter so moedeloos gelaat het, is nog dieselfde. Maar met nuwe energie soek ons na vars oplossings, of besluit ons om die berg maar vir eers agter die bult te los.

Hartseer, bekommernisse, probleme is deel van ons lewe hier op aarde. Daagliks word ons gekonfronteer met die werklikheid van die verydeling van die skepping, soos Romeine 8 dit vir ons skets. Soms voel dit asof ons vasgevang is in 'n winterseisoen. Alles is dood of lelik, en ons harte voel gevries, selfs dood. Die draai van die seisoen leer ons opnuut dat winter nie vir ewig duur nie. Prediker leer ons van die seisoene in die lewe. (Lees Pred 3: 1-14.) Na elke winter kom 'n lente.

Dit is nou die tyd om te plant. Ons ry 'n bietjie rond in hierdie mooi land van ons, en oral is die boere besig. Baie lande lê reeds gereed en wag vir die plantery. Dit is 'n goeie tyd om weer nuut na jou eie spiritualiteit te kyk. Het die lewende Woord van God nie dalk ook in jou binneste versteen in geykte uitdrukkings nie? Dalk het die seer van die lewe jou gemoed so 'n bietjie hard gemaak sodat die saad van die lewe nie maklik ontkiem en groei nie. Lente is ook 'n goeie tyd om ons gemoed voor te berei om die Woord van die lewe te ontvang.

Prediker sê daar is ook 'n tyd om te lag en van vreugde te dans. Die Psalmidigter skryf: *Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer* (Ps 30: 6). God is die gewer van veerkrachtigheid in jou lewe. Hy gee jou die vermoë om die skerwe van jou lewe op te tel, jou trane af te droog en weer te lag.

Lente is die tyd van liefde, 'n tyd om te omhels. Dit is 'n tyd om onself te bederf met nuwe liefde in ou verhoudings. 'n Tyd om die strydbyl te begrawe, te vergewe en te onthou hoe kosbaar die liefde en ons geliefdes is.

Dis is God se seën aan ons om die goeie in die lewe te kan geniet. Hy kroon ons met liefde en ontferming.

Mag die lente in die natuur 'n nuwe seisoen in jou lewe aandui. Mag jy hoop vind. Mag jy uitbundig sing en die mooi in die lewe sien en vier.

## Lief en leed



Ds Gys Els

- **Ds G van R (Gys) Els** (70), emeritus, is Dinsdag 30 Augustus skielik oorlede. Die oorsaak van sy dood is nog nie bekend nie. Hy was alleen tuis in Gansbaai terwyl sy vrou, Lishje, in Gauteng besig was met reëlings vir hul dogter, Lize, se troue in September. Ons innige simpatie gaan aan Lishje en Lize, en hul ander naasbestandes.



Brandon Mitchell

- **Brandon Mitchell** (18), susterskind van mnr Christo Joubert wat vroeër by die Sinodale Dienssentrum gewerk het, het Woensdag 24 Augustus in 'n motorfietsongeluk gesterf. Hy het die vorige dag 18 geword. Die gesin woon aan die Natalse Suidkus. Ons innige simpatie gaan aan Christo en Gianni Joubert en hul familie.

- **Mev Kitty Botha**, moeder van ds JS (Hannelie) Botha van *Die Christelike Vrou* en weduwee van ds TJ (Theuns) Botha wat in 2016 oorlede is, was die afgelope week in die hospitaal met onstabiele suikervlakke. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

- **Ds DS (Dawie) Jacobs** (54) van Dolfynkus/Durban-Suid vier sy 25-jaar-ampsjubileum op Sondag 9 Oktober vanaf 09:00 in Gemeente Durban-Suid, Beaconweg 137, Bluff, Durban. Laat weet hom asseblief teen 14 September by [dawie@lantic.net](mailto:dawie@lantic.net) as u die geleentheid wil bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 September, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 1 September: Prof PJ (Pierre) Jordaan (63) (Wonderfontein) en ds WRT (Tertius) Hindley (65) (emeritus)
- Saterdag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (47) (Klerksdorp-Doringkruin)
- Dinsdag 6 September: Ds P (Paul) Buitendag (65) (Volksrust)
- Woensdag 7 September: Ds DJB (Bouwer) Serfontein (64) (Vereeniging)
- Donderdag 8 September: Dr WJ (Cobus) Jansen van Nieuwenhuizen (52) (Hartebeeshoek) en ds M (Manda) le Roux (55) (Weskus)



Mev Kitty en ds Hannelie Botha



Ds Dawie Jacobs

## Gemeentes en bediening

- **Dr A (Annelie) Botha** (UP) het die beroep na Kempton (deelyds) aanvaar en word op 25 September daar bevestig.

- **Ds GPJ (Gerhard) Stoltz** (ADV) het 'n beroep ontvang na Westonaria (deelyds).

- Die **Gemeente-opname van die Kerkspieël-navorsingsprojek** vind gedurende **Augustus/September 2022** in die NHKA plaas. Die skakel na die vraelys wat aanlyn ingevul moet word, is beskikbaar in Omsendskrywe 26/2022 wat onlangs versend is. Hierdie vraelys word onder leiding van die predikant en skriba namens die kerkraad van die gemeente voltooi. **Voltooi dit asseblief aanlyn voor 2 September 2022.** Indien die kerkraad 'n harde kopie wil gebruik en in sodanige formaat wil terugstuur, kan dit met mev Karen Breedt ([karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)) by die Sinodale Dienssentrum gereël word. Navrae in verband met hierdie navorsingsprojek kan gerig word aan ds Frikkie van Wyk (083 625 6788 / [gfvanwyk@nhk.co.za](mailto:gfvanwyk@nhk.co.za)). Dit is vir die NHKA baie belangrik dat **elke gemeente** hierdie opname sal doen.



Dr Annelie Botha

- **Gemeenskapsteater in Delmas: Ego Eimi... (Ek is...)**  
**15-25 September 19:00 (weekdae) en 15:00 (naweke)**

By NGK Delmas-Wes

Volwassenes R100, kinders R50

Verversings beskikbaar een uur voor aanvang

Kaartjies beskikbaar aanlyn of by NHKA Delmas

013 665 2679 van 08:00 tot 12:00

Ook by Perfect Water, CJ Williams Apteek en NGK Delmas-Wes

Navrae: 082 928 4317

[www.gemeenskapsteater.co.za](http://www.gemeenskapsteater.co.za)

[delmas@gemeenskapsteater.co.za](mailto:delmas@gemeenskapsteater.co.za)



Ds Gerhard Stoltz

- Ds Johann de Bruin versoek die volgende **vir Zambezi-aftreeoord in Montana**. Eredienste word Sondae in hul saal gehou sonder 'n projektor en daarom vra hulle **skenkings van Liedboeke** wat nie meer gebruik word nie – **veral grootdruk**. Ds De Bruin sal dit bymekaarmaak en gaan afgee. Hy preek maandeliks daar. Kontak hom by 082 733 3951 of [cjdb@boomaap.co.za](mailto:cjdb@boomaap.co.za). Of kontak mev Erna Klopper by 082 850 2492.

## Vergaderings

- Saterdag 3 September: ADV Kommissie
- Dinsdag 6 September: Bestuurskomitee
- Woensdag 7 September: Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 8 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 September: Kommissie van die AKV

## Kerklike publikasies

- In die **September 2022-uitgawe van Die Hervormer** dink **ds Etienne Fourie** terug aan die eerste AKV wat hy as geordende predikant van die NHKA bygewoon het. **Dr Chris le Roux** vertel die verhaal van Gemeente Stellenbosch se halfeeu van genade. Ons kyk terug op gemeentes se hantering van die **Covid-19-pandemie**, en **dr Hein Delport** verduidelik waarom die proefskrif vir sy tweede doktorsgraad gegaan het. **Dr Gerhard Lndequ** skryf oor die NHKA se predikante wat betrokke was by die 2020 Bybelvertaling, en ons berig oor die **afsterwe** van drie van die NHKA se predikante en 'n gewese predikant van die Kerk. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.



## Bybelgenootskap

- **Pos beskikbaar vir Uitvoerende Hoof by die BSA se Hoofkantoor in Bellville.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vertaal en versprei Bybels in Suid-Afrika sedert 1820 en is 'n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n netwerk van 148 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werksaam is.

Die BSA nooi passievolle en toepaslik gekwalifiseerde kandidate om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof- uitvoerende funksie te neem. Die posbekteër sal leierskap, strategiese leiding, bestuurspraktyk en algehele koördinerende van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal in die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

**Pligte sluit onder andere in:** Strategiese en visioenêre leierskap en bestuur van die BSA; implementering en uitvoering van beleid en strategie; bereiking van nasionale en internasionale doelwitte ten opsigte van fondsinsameling, Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding in alle tale en formate; korporatiewe en risikobestuur; finansiële bestuur; menslikekapitaalbestuur; eksterne skakeling; openbare betrekkinge; operasionele bestuur; en algemene administrasie.

**Vereistes:** Uitgebreide bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak; ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien; moet 'n lid van 'n BSA-lidkerk wees; teologiese en missiologiese begrip van Bybelmissie; professionele kennis en deeglike begrip van korporatiewe of sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees); deeglike begrip van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels; goeie kennis van finansiële administrasie, bemaking en 'n besigheidsomgewing; kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal); bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede; uitsonderlike mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede; ervare in openbare optredes; en hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit.

**Om aansoek te doen:** Registreer CV by:  
<https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969>

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmensewoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za) vir meer inligting.

## Toerusting

- **Gratis eKonferensie: UP Fakulteit Teologie en Religie**  
**1-2 September 2022 08:30-17:00**  
**Resilience: Psalms and/or Prophetic Literature**  
Fakulteit Teologie en Religie  
Departement Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte  
Skakel vir Dag 1: <https://eu.bbcollab.com/guest/8d52ae4d044d48879bb90d71d6d0213f>  
Skakel vir Dag 2: <https://eu.bbcollab.com/guest/11d4b6583bd24be787a690983348ed0e>
- **Excelsus: Lentekonferensie (aanlyn)**  
**20-22 September 2022**  
*Vreugde in oorvloed: Geloof in 'n tyd van skaarste*  
**NHKA-deelnemers:** Proff Tanya van Wyk en Jaco Beyers  
Inskrywingsgeld per elektroniese oorplasing  
Bewys van betaling na [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za)  
**Kursusfooi:** R360  
**Inbetalings:** TSO, ABSA, takkode 632005, rekeningnommer 142 0830 463  
Verwysing: LK plus naam en van van individu, of  
LK plus naam van gemeente indien vir meer as een betaal word  
**Kansellasiefooi:**  
Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi  
Na 13 September: 100% van die kursusfooi  
Ontvangs van inskrywing geskied per e-pos  
(Indien e-pos nie voor 13 September 2022 ontvang word nie,  
kontak Rika by [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za))
- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap**  
**Jaarlikse konferensie 2022: 27 September**  
Tema: *Gereformeerde bediening vandag: Impak, uitdagings en geleentehede*  
Subtemas: Toepaslike prediking; worsteling met sekularisme; gebruik van tegnologie tot voordeel van die bediening; bediening van alle mense in die moderne konteks; doeltreffende pastorale werk wat op spesifieke groepe fokus (bv jeug, enkelopendes, bejaardes); voortgesette teologiese opleiding; en die behoefte aan Christelike dienende leierskap  
**Plek:** Teologiese Skool Potchefstroom / Aanlyn  
**Koste:** In persoon R300 (sluit verversings en middagete in); aanlyn R100  
**Program:** Word nader aan die konferensiedatum gepubliseer  
Om vir die konferensie te **registreer**, stuur jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe ([mohau.ntlhe@nwu.ac.za](mailto:mohau.ntlhe@nwu.ac.za)) **voor 31 Augustus.**  
**Bankbesonderhede**  
Rekeningnaam: In die Skriflig  
Bank: ABSA  
Tak: 632005  
Tjekrekeningnommer: 670411664

## 'n Gedig

### Dank

In 'n verkeerde luim sou ek sê *verwyf*,  
maar goed, Vader en Moeder, ek *dánk* julle nou  
vir alles wat ek op rym en maat kon kwytraak  
en versaak en sódoende behou.

Vader, jou knaende kieskeurigheid,  
jou skoon, skerp woordeskat uit die Karoo,  
jou teer geloof, jou ontoeganklikheid  
vir alles wat nie strook met wat jy glo.

Moeder, jou moeite om jou aan te pas,  
'n Engelse verlede af te sweer:  
by boere en delwers 'n vername gas  
wat nooit die dubbele negatief kon leer.

Iets van jul vreemdheid het my aangekleef  
ook toe ek my as vlugteling omgekleef.  
Dis julle toedoen dat ek altyd leef  
tussen twee vure en nie van beter weet.

**Elisabeth Eybers**  
(Uit: *Dryfsand*, 1985)

## Fondsinsamelings

- **Die NGK Wonderpark: Wonderliggiefees 2022**  
(Waar AKV vanjaar plaasvind)  
**Nog tot 4 September**  
Kunsmark, teetuin, kindervermaak, wegneemetes  
1 September: Manie Jackson  
3 September 10:00: Lollos & Lettie  
3 September 18:00: Opkomende kunstenaars  
3 September 19:00: Liam Meredith  
Navrae: 083 266 2804 / 012 549 1340
- **Loslitdag Vrydag 2 September 2022.** Plakkers kan by mev Arina Jooste, uitvoerende hoof van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (**TOIBO**), bestel word by [toibo@imagnet.co.za](mailto:toibo@imagnet.co.za). Vir elke plakker van R20 kan TOIBO R9 hou en die balans oorbetaal aan die Nasionale Raad van en vir Persone met Gestremdhede (NCPD). Onthou ook: **Spesiale deurekollerte vir TOIBO op Sondag 4 September!**

**NHK Swartkop**  
**Burg Basaar**  
2 September 2022  
14:00 tot laat  
Irelandlaan 107, Centurion  
Pannekoek, Hamburgers, Worsrolle, Kerrie & Rys, Slaptjips, Poeding,  
Tuisnywerheid, Gemmerbier, Biltong & Wyn, 'n massiewe Kindertuin.

50 in Nuwe Geloofstrome

Kom kuier saam!  
Color Run om 18:00!  
"Live" musiek

- Vrydag 2 September: Gemeente Oos-Moot**  
**SANGAAND VANAF 19:00**  
 Kunstenaars: Jannie Moolman & Helena Ceronio  
 NG Kerk Queenswood in Garretweg 249, Queenswood, in kerkgebou  
 R150 per persoon (geen sitplekaanwysings)  
 Elektroniese betalings na:  
 NHKA Oos-Moot  
 ABSA-tjekrekening nommer 143 058 0201  
 Tak 632 005  
 Verwysing: Sang & Van (bv Sang Botha)  
 Stuur bewys van betaling na [nhkaosmoot@gmail.com](mailto:nhkaosmoot@gmail.com)  
 of WhatsApp / Telegram / SMS na 078 877 6732  
 (reëlings sal met u getref word om die kaartjies by u te kry)  
 Kaartjies ook beskikbaar by NHKA Oos-Moot, Collinslaan 1265, Môregloed  
 Tydens pouse sal eetgoed te koop wees –  
 geen eet en drink word in die kerkgebou toegelaat nie  
 Kontak Magdaleen van der Schyff by 012 333 4918 of 064 907 7611  
**MARKAAND VANAF 16:30**  
 NG Kerk Queenswood in Garretweg 249, Queenswood  
 Witolifanttafel en heerlike eetgoed te koop  
 Kom ondersteun ons asseblief!
- Gemeente Ventersdorp: Basaar**  
**Saterdag 3 September vanaf 08:30**  
 Gratis springkasteel vir kinders  
 Vars vleis, biltong, droëwors  
 Handwerk  
 Heerlike eetgoed  
 Navrae: Ds Waldo Pretorius 071 619 6192 / 068 098 0021 (tydelik)
- Gemeente Drie Riviere en Die Kakiebosmark: Lentebasaar**  
**Saterdag 3 September van 09:00 tot 13:00**  
 Op die kerkperseel (hv Bashee- en Wilgestraat, Drie Riviere)  
 Verskeie entrepreneurstalletjies en witolifanttafel  
 Handwerk en tweedehandse klere  
 Teetuin, speletjies  
 Pannekoek, nagereg, tuisgebak, kerrie-en-rys, braaivleis, lekkergoed  
 Musiek en sang deur Jaco Strydom  
 Rugbywedstryd tussen die Springbokke en Australië op grootskerm  
 Toegang gratis  
 Navrae: Ds Hennie Louw 084 508 7849
- Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaatjie

“Mense wat my verkeerd opvryf, vat ek nie kop toe nie ... Ek hou van mense wat lief is vir diere. Ek wil ’n lig wees wat aangeskakel word vir die mense wat lief is vir my ... Ek is baie lief vir Jesus omdat ek glo in Jesus. Ek is ’n kosbare mens vir Jesus. Hy is in my hart. Ek sal altyd omgee vir Jesus.” (Mianke van den Hever – 28 – in *Bruis*, September/Okttober 2022. Mianke het Downsindroom.)

## Barmhartigheid

- **DPS Pleegsorg: Kamp**

**3-7 Oktober 2022**

**Tarentaalpan, Thabazimbi**

Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by [suzanne@rata.org.za](mailto:suzanne@rata.org.za) of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na [suzanne@rata.org.za](mailto:suzanne@rata.org.za)). Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skeep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by [www.pleegsorg.org.za](http://www.pleegsorg.org.za) of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge.

- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**

**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**

Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer

Verblyf met 3 etes ingesluit

Verblyf sonder versorging R1 700 per maand

24-uur-versorging onderhandelbaar

(maksimum R8 000 per maand deekamer)

Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089

[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)

[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**

Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000

Eenslaapkamer: R515 000

1½-slaapkamer: R520 000

Tweeslaapkamer: R560 000

Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die lente

My Heer,  
dankie vir die lente,  
die seisoen wanneer ons u uitbundige vreugde kan sien!  
Laat elke bloeisel my herinner aan u genade.  
Laat elke sonnige dag my siel verlig.  
Terwyl ons hierdie kosbare weke ingaan,  
mag ons U eer  
met ons gedagtes en ons dae.  
Ons loof u heilige Naam!  
Amen.

[prayables.com/prayer-springtime](http://prayables.com/prayer-springtime)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)